

27 September

Skrifgedeelte: Titus 3:1-11
Fokusgedeelte: Titus 3:4 (NAV)

Pasop dat hulle nie slegte getuienis ontvang asof die goedheid en liefde van God nie verskyn het nie

Ons mense hou baie keer van ander, omdat hulle vir ons so baie beteken. Met God se liefde vir ons werk dit egter heeltemal anders. God het ons nie liefgehad op grond van wie en wat ons uit onself is nie. God het ons liefgehad ten spyte van wie en wat ons is. Die motivering vir God se liefde vir ons lê nie in ons nie, maar dit lê in God. Niks wat ons sondige mense kan doen kan ons vir God aanvaarbaar maak nie.

God het ons aanvaar soos ons is. Dit beteken egter nie dat ons moet bly soos wat ons is nie. God aanvaar jou soos wat jy is, maar Hy los jou nie soos wat jy is nie. As God jou gered het deur sy Seun, Jesus Christus, dan werk sy Heilige Gees in jou en dan verander en vernuwe Hy jou. Jy word al hoe meer verander om die beeld van God, soos ons dit vind in Jesus Christus, te vertoon.

Die gelowiges op die eiland Kreta, waar Titus gewerk het, moes nie lewe soos wat hulle vroeër gelewe het nie. Hulle moes nie lewe asof die goedheid van God en sy liefde vir die mens nie verskyn het nie. Dit hét immers verskyn! Hulle daar op Kreta het die evangelie gehoor en geglo dat God mense verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van God se ontferming.

God aanvaar jou soos jy is, maar Hy los jou nie soos jy is nie. Op Kreta moes die gelowiges hulle nou aan die owerheid en aan gesag onderwerp. Hulle moes bereid wees om alles te doen wat goed is. Hulle moes nie kwaadpraat of rusie soek nie, maar insiklik wees en altyd bedagsaam teenoor almal.

Vir jou aan wie die goedheid en liefde van God verskyn het, geld dit dat God die Heilige Gees jou verander, sodat die wêreld nie slegte getuienis kan ontvang nie. Gee daarom gehoor aan hoe jy moet optree volgens Titus 3.

Sing: Psalm 25:1, 5, 6 (1936)

Ds. ASA de Bruyn (Wilropark)